# 18 November 2023 - Lesing 179 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

"Julle sal almal deur God onderrig word" – 13/12/60

**NO: 7771** Wat gebeur het in die tyd van My lewe op aarde, gebeur ook nou, **in soverre Ek julle weer onderrig, soos wat Ek eens My dissipels onderrig het**.

**Julle word dus deur "God self" onderrig**. En so sal julle ook die waarheid geleer moet word, omdat God die ewige Waarheid is. Mense het My nie herken toe Ek onder hulle vertoef het en vir hulle My liefdesleer gebring het nie, toe Ek hulle bekend gemaak het met 'n kennis wat net Ek Self aan hulle kon bring. **Maar die wat in die liefde was, het ook geglo wat Ek aan hulle oorgedra het.** Hulle het gou ingesien dat dit **geen mensewoorde was nie, maar God se woorde**. En daarom het hulle ook My leerstellings aangeneem.

En so word mense ook nou deur My toegespreek. **En hulle wat in liefde leef, herken die stem van die Vader**, die stem van hulle God en Skepper van ewigheid af, en hulle neem ook My leerstellings aan.

En weer is dit My goddelike liefdesgebooie wat Ek vir julle mense as dringend voorhou, want julle sal My eers werklik herken **wanneer julle die gees in julle deur liefde gewek het**.

Want die gees in julle is deel van My. Hy is dit wat ook onderrig, sodat julle ook sal kan sê: Julle is deur God onderrig. Ek vertoef nie meer liggaamlik op aarde soos Ek eens gedoen het nie, tog is Ek by julle soos wat Ek belowe het: "**tot aan die einde van die wêreld."**

En wanneer Ek tot julle **spreek deur die gees, bewys Ek daardeur My teenwoordigheid aan julle**. En julle sal kan insien, soos My dissipels vroeër gedoen het, dat julle God en Skepper, julle Vader, tot julle spreek. Maar julle sal in die liefde moet lewe, **omdat sonder liefde die gees nooit in julle tot kan lewe ontwaak nie**. Want sonder liefde kan Hy Homself nie uiter nie en julle bespeur dan niks van die teenwoordigheid van God nie.

Maar sodra Ek julle kan toespreek, sal Ek ook steeds liefde as die belangrikste voorhou. Ek sal steeds weer op My gebooie van die liefde wys. Ek sal mense tot liefde vermaan en aan hulle die grootste werk van liefde voorhou:

My offerdood aan die kruis, wat slegs die Liefde kon volbring en waarmee Ek My lewe op aarde as mens bekroon het, sodat julle verlos kon word van sonde en dood. **En so sal My woord huidig ook altyd die verlossingswerk van JaHshua Messias as inhoud hê**, want julle mense sal moet weet dat My liefde vir julle die sondeskuld teniet gedaan het en dat julle slegs salig sal kan word as julle hierdie verlossingswerk van My erken. **Wanneer julle My Self <u>in</u> JaHshua Messias erken en om vergifnis van julle sondes vra**.

En daarom moet julle mense ook op hoogte wees van die aanleiding tot hierdie verlossingswerk, van julle groot skuld van weleer en van My uitermate groot liefde. En hierdie kennis kom julle toe deur My woord, en **julle word deur My Self onderrig, soos wat Ek eens My leerlinge onderrig het**, wat die werk van verlossing moes meemaak en dan daarvan moes getuig.

En ook julle wat My woord sal hoor, julle sal dit moet verkondig aan diegene wat sonder kennis of sonder geloof is in JaHshua Messias, die goddelike Verlosser. Want alle mense moet verneem waarom Ek oor die aarde gegaan het. Alle mense moet te wete kom dat hulle JaHshua Messias nie mag verwerp nie, want dan verwerp hulle My self ook en kan hulle nie meer lewend word nie. Eendag moet hulle die weg na My toe vind, want Ek het aan die kruis gesterf sodat **hulle skuld hulle vergewe kan word.** En hulle moet dit self wil en self die weg neem na die kruis, na My toe in JaHshua Messias. **Hulle moet in liefde leef** sodat hulle kan leer glo en hulle dan ook deur die ewige Liefde laat aangryp.

En Ek sal die mense nooit aan hulleself oorlaat nie, want Ek het julle die belofte gegee **om by julle te bly tot aan die einde van die wêreld.** En so sal Ek julle ook toespreek en julle onderrig, soos Ek My leerlinge onderrig het toe Ek oor die aarde gegaan het. Amein.